# G1 - God is Liefdevol

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor God as 'n liefdevolle God.

**Ysbreker:**

- **Love Charades:** Elke groep kry 1 kaart met 'n beskrywing van hoe jy liefde kan wys aan ander. Hulle moet dit uitbeeld sonder woorde. Die ander groepe moet raai wat die aksie is. Ons kyk watter groep kan die meeste reg raai.

Vandag gaan ons na God as 'n liefdevolle God kyk. Ons het nou gesien hoe daar verskillende maniere is om liefde te bewys aan ander, maar ons gaan vanmiddag kyk hoe God liefde na 'n hele ander vlak neem.

**Groepwerk:**

Die groep moet in 2 minute kyk hoeveel maniere hulle kan lys hoe God Sy liefde aan ons wys.

Kry terugvoering.

Ons kry baie soorte liefdes. Daar is romantiese liefde, vriendskaplike liefde, die liefde wat jou ouers vir jou het, ens. Ons kan wel weet dat nie een van daai liefdes ooit kan uitkom by die liefde wat God vir ons het nie. Hy het ons perfek lief ten spyte van al ons sondes.

**Aktiwiteit:**

Sit 3 bakke met meel uit. Tussen die meel is daar 'n albaster versteek. Kry 3 kinders in die groep wat die aktiwiteit gaan doen. Die persoon mag nie sy/haar hande gebruik nie, maar slegs sy/haar neus om die albaster te kry. Die groep wat eerste klaar is, wen.

**Vra:** Wie van julle het al bang of verlore gevoel? In die Bybel is daar 'n gedeelte waar daar gepraat word van 'n herder wat 100 skape het, maar 1 van daardie skape dwaal af. Die herder los die 99 skape op 'n veilige plek om die 1 skapie wat weg is, te gaan soek. Hy soek die skapie totdat hy hom kry en bring hom terug na waar dit veilig is. Daardie gedeelte praat eintlik van God. God is so lief vir ons dat Hy aanhou om ons uit te nooi om Sy kind te word. Hy gee nooit op nie. Hy bly lief vir ons al maak ons Hom so baie kere seer. Hy het jou liewer as wat jy kan dink. Die vraag is, wat maak jy met daardie liefde? Vat jy dit of gooi jy Sy liefde terug in Sy gesig?

Sluit af in groepe met gebed.

## Voer die wat honger is.

Lees Bybel vir iemand.

Bid vir 'n vriend.

Hou die deur oop vir iemand.

Dra swaar pakkies vir iemand.

Help 'n tannie oor die pad stap wat sukkel om te loop.

Help 'n vriend wat sukkel met sy skoolwerk.

Help iemand wat geval het.

Was skottelgoed vir jou ma.

Help juffrou om die klas skoon te maak.

Tel papiere op buite by die skool.

Nooi 'n vriend kerk toe.